

Alle Paaie lei na Jesus: Jesus verryk ons siening van bepaalde dinge (3)

Alle Paaie lei na Jesus: Jesus verryk ons siening van bepaalde dinge (3) – Adrio König

11.3.3 Ons siening van die heil (hoofstuk 2)

Daar is geen manier om oor die heil te dink los van Jesus nie. Vroeër het sekere groepe Hom graag “Heiland” genoem. Die benaming kom nog uit die tyd van die eerste vertalings in die volkstaal soos die King James Version (Saviour) en die Statenvertaling (Heiland). Deesdae word dit gewoonlik met Redder vertaal. Dit het meestal in die Ou Testament voorgekom en verwys na die Here wat mense uit nood red.

Jesus verdien vir ons die heil: vergifnis, regverdiging, redding, en hoeveel ander woorde kan ons gebruik. Hierdie woorde veronderstel dat die ou verhouding herstel word. Ons sondeskuld word weggeneem, ons word regverdig verklaar, ons word uit die gevaarposisie bevry, ons kom terug in die regte verhouding met die Here.

Maar Jesus herstel nie net wat verbreek is nie. Hy doen meer. Hy verryk ook ons siening van die heil. Hy plaas ons toekoms op 'n ander vlak as die oorspronklike. Daar was altyd mense wat net aan ons redding gedink het as 'n herstel van wat ons verloor het, as “paradise lost, paradise regained”. Maar die begrip “verheerliking” bring 'n nuwe dimensie van die heil na vore. Jesus is nie net 'n herhaling van die eerste Adam nie, Hy is 'n verheerlikte mens. Die eerste Adam was 'n “lewende wese”, maar die tweede Adam is 'n “lewendmakende Gees” (1 Kor 15:45). Dis nogal moeilik om 'n goeie vertaling te kry vir die Grieks, maar wat dit ook al presies beteken, dit is veel

meer as net 'n lewende wese.


En ons deel in hierdie plus. Ons word ook verheerlik (Rom 8:30). Ons sterf as 'n "natuurlike liggaam", maar ons sal opstaan as 'n "geestelike liggaam" (1 Kor 15:44). In 2.3.3 het ons na die betekenis van "geestelike liggaam" gekyk. Die "ewige lewe" hou dieselfde gedagte in (2.3.4). Ons kry nie net die lewe van die eerste Adam terug nie, ons kry 'n aandeel in Jesus se lewe, sy opstandingslewe wat die dood finaal agter Hom het. Dit beteken dat "ewige lewe" nie net ons gewone lewe is wat ewig sal aanhou nie, maar lewe op 'n ander vlak, 'n ander kwaliteit lewe. Dit kom mooi na vore in Openbaring 21, 22 waar ons inderdaad iets kry van 'n herhaling van die tuin in Genesis 2 (Op 22:1-3), maar óók 'n radikale oortreffing daarvan met die veilige en heerlike stad en God en die Lam wat Self die lig is sodat die son nie eens meer nodig is nie.

Dit is teen hierdie tyd seker eintlik meer as net duidelik dat Jesus dus nie die passiewe eindpunt is waarheen elke groot tema in die Bybel ons lei nie. Hy is die groot "Veranderaar, Vernuwer, Verheerliker".

- Hy beëindig en vervang wat nie regtig werk nie.
- Hy bereik God se doel met die dinge wat langs die pad vasgeloop het.
- Hy verryk ons siening van sentrale sake in die Bybel oneindig.

Dit beteken die titel van hierdie boek sou ook iets soos die volgende kon gewees het:

Jesus lei alle temas in die Bybel na die punt waar God hulle wil hê.



Mense wonder dikwels oor verskeie aspekte van die Christelike geloof. Alle Paaie lei na Jesus (2010) deur prof Adrio König is 'n baie nuttige naslaanwerk wat 'n betrokke en uitdagende verduideliking bied van die die middelpunt van ons geloof: Jesus Christus.

Bybelkennis gaan gereeld gedeeltes uit hierdie bron publiseer. Ons dank aan prof König en CUM vir hierdie vergunning.

Vir meer inligting oor CUM, besoek gerus hulle webblad by www.cumuitgewers.co.za

Skrywer: [Prof Adrio König](#)